

Kriteria vir die aanstelling van nasieners

1. Inleiding

- 1.1 Die aansoek- en aanstellingsproses van nasieners word beheer deur die *Regulasies betreffende die afneem, administrasie en bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 31337 van 29 Augustus 2008, soos gewysig, en die *Personeeladministrasiemaatreëls*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 46879 van 09 September 2022. Bogenoemde Regulasies het ten doel om te verseker dat die beginsels van assessering, naamlik geldigheid, betroubaarheid en billikheid vir alle kandidate, in al die prosesse van die nasionale eksamensiklus gehandhaaf word.
- 1.2 Een sodanige sleutelproses is die norme en standaard vir die aanstelling van nasieners. Die betroubaarheid van nasieners tydens die nasienproses is noodsaaklik om te verseker dat die nasienriglyne waarvoor op nasionale vlak ooreengekom is, akkuraat, konsekwent en billik toegepas sal word vir alle kandidate in 'n belangrike, deurslaggewende eksamen soos die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS).
- 1.3 Persone word ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) as nasieners deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) aangestel. Alle aansoekers moet die kriteria wat hieronder volg, sorgvuldig deurlees voordat hulle om enige betrekking as nasiener aansoek doen.
- 1.4 Voorkeur sal aan Suid-Afrikaanse burgers gegee word wanneer ad hoc-aanstellings gemaak word.

2. Kriteria vir aanstelling as interne moderators en hoofnasieners

- 2.1 Aansoekers wat aansoek doen om die betrekking as **interne moderator** en **hoofnasiener** moet oor minstens **agt jaar onderrigervaring** beskik. Voorts moes hul minstens **vyf jaar** voltyds graad 12-leerders by 'n skool **onderrig** het aan die hand van die Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring (KABV) **in die vak** waarvoor aansoek gedoen word.
- 2.2 In die geval van **interne moderators** is **ervaring** as 'n **interne moderator, hoofnasiener** of **adjunkhoofnasiener** in vorige jare 'n vereiste. (Hierdie vereiste kan in sekere omstandighede verslap word.)

- 2.3 In die geval van **hoofnasieners** is **ervaring** as 'n **interne moderator, hoofnasiener** of **adjunkhoofnasiener** in vorige jare 'n **vereiste**. (Hierdie vereiste kan in sekere omstandighede verslap word.)
- 2.4 Voorts moes alle aansoekers **die vak** vir minstens **twee van die volgende jare** aan graad 12-leerders **onderrig** het by 'n skool wat die NSS-eksamen skryf: 2020, 2021, 2022, 2023 en 2024.
- 2.5 Aansoekers wie se aanstellings as interne moderator of hoofnasiener suksesvol was, moet hulself beskikbaar stel om verantwoordelikhede te aanvaar as eksaminator, moderator en nasiener van die bevoegdheidstoets vir daardie vak vir die bevoegdheidstoets siklus vir 2024/5.

3. **Kriteria vir aanstelling as adjunkhoofnasieners**

- 3.1 Aansoekers wat aansoek doen om die betrekking as **adjunkhoofnasiener** moet oor minstens **agt jaar onderrigervaring** beskik. Voorts moes hul minstens **vyf jaar** voltyds graad 12-leerders by 'n skool **onderrig** het aan die hand van die KABV **in die vak** waarvoor aansoek gedoen word.
- 3.2 Aansoekers wat aansoek doen om die betrekking as **adjunkhoofnasiener** moet oor minstens **vyf jaar ervaring as 'n nasiener** en 'n minimum van **twee jaar ervaring as 'n senior nasiener (altesaam sewe jaar nasienerervaring)** beskik in die vak waarvoor aansoek gedoen word. (Hierdie vereiste kan in sekere omstandighede verslap word.)
- 3.3 Voorts moes alle aansoekers **die vak** vir minstens **twee van die volgende jare** aan graad 12-leerders **onderrig** het by 'n skool wat die NSS-eksamen skryf: 2020, 2021, 2022, 2023 en 2024.
- 3.4 Voorkeur sal gegee word aan opvoeders wat die vak **tans** voltyds aan graad 12-leerders by 'n skool aan die hand van die KABV onderrig (skoolgebaseer) of as vakadviseur vir die vak werksaam is (kantoorgebaseer).

4. **Kriteria vir aanstelling as senior nasieners**

- 4.1 Aansoekers wat aansoek doen om die betrekking as **senior nasiener** moet oor minstens **vyf jaar onderrigervaring** beskik. Voorts moes hul minstens **twee jaar** voltyds graad 12-leerders by 'n skool **onderrig** het aan die hand van die KABV **in die vak** waarvoor aansoek gedoen word.
- 4.2 Aansoekers wat aansoek doen om die betrekking as **senior nasiener** moet oor minstens **drie jaar ervaring as 'n nasiener** beskik in die vak waarvoor aansoek gedoen word. (Hierdie vereiste kan in sekere omstandighede verslap word.)

4.3 Voorts moes alle aansoekers **die vak** vir minstens **twee van die volgende jare** aan graad 12-leerders **onderrig** het by 'n skool wat die NSS-eksamen skryf: 2020, 2021, 2022, 2023 en 2024.

4.4 Voorkeur sal gegee word aan opvoeders wat die vak **tans** voltyds aan graad 12-leerders by 'n skool aan die hand van die KABV onderrig (skoolgebaseer) of as vakadviseur vir die vak werksaam is (kantoorgebaseer).

5. **Kriteria vir aanstelling as nasieners**

5.1 Aansoekers wat aansoek doen om die betrekking as **nasiener** moet oor minstens **twee jaar onderrigervaring** beskik. Voorts moes hul minstens **twee jaar** voltyds graad 12-leerders by 'n skool **onderrig** het aan die hand van die KABV **in die vak** waarvoor aansoek gedoen word.

5.2 Aansoekers wat aansoek doen om die betrekking as **nasiener** moet oor minstens **twee jaar ervaring as 'n opvoeder** beskik in die vak waarvoor aansoek gedoen word.

5.3 Voorts moes alle aansoekers **die vak** vir minstens **twee van die volgende jare** aan graad 12-leerders **onderrig** het by 'n skool wat die NSS-eksamen skryf: 2020, 2021, 2022, 2023 en 2024.

5.4 Beginnernasieners kan in die **tweede jaar wat hulle die vak onderrig**, aansoek doen, en voorkeur sal aan opvoeders gegee word wat die vak **tans** voltyds aan graad 12-leerders by 'n skool aan die hand van die KABV onderrig.

6. **Algemene kriteria wat op alle aansoekers van toepassing is**

6.1 Alle aansoekers moet oor 'n minimum erkende driejaar-onderwyskwalifikasie beskik, met die vak waarvoor (as nasiener) aansoek gedoen word, op minstens **tweedejaarsvlak, maar verkieslik op derdejaarsvlak**.

6.2 Aansoekers moet die vak by 'n skool onderrig wat graad 12-leerders vir die NSS-eksamen voorberei.

6.3 Die aansoeker se skool moes gedurende die vorige NSS-eksamen 'n slaagsyfer van **minstens 70%** in die vak behaal het.

6.4 Aansoekers wat aansoek doen om Tale en/of Geskiedenis en/of Religiestudies na te sien, moes al die komponente van die kurrikulum vir die betrokke vak onderrig het.

6.5 Aansoekers wat aansoek doen om Vraestel 2 (Letterkunde) in die Tale na te sien, moes al die werke wat vir die eksamen voorgeskryf is, gelees, onderrig en bestudeer het, en nie slegs die boeke wat die leerders by hul eie skole bestudeer nie.

- 6.6 Indien daar tydens beoordeling 'n aantekening gemaak is oor nasienamptenare wat nie aan die vereiste nasienstandaard voldoen het nie of dit deur die hernasienproses aan die lig gekom het, sal daardie nasienamptenare nie weer vir heraanstelling in aanmerking kom nie.
- 6.7 'n Persoon wat uit die diens van enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement geskors is tydens die aanstellingsproses van nasieners tot en met die nasientydperk, se aanstelling as 'n nasienamptenaar sal onmiddellik teruggetrek of beëindig word. Die onus is op die vermelde persoon om die WKOD onmiddellik van sodanige sanksie in te lig. Versuim om dit te doen, sal beteken dat die amptenaar hanteer sal word ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994) of enige ander tersaaklike wetgewing.
- 6.8 Die kontrak van 'n nasienamptenaar wat nie meer aan die aanstellingskriteria voldoen nie, sal onmiddellik beëindig word.
- 6.9 Die WKOD sal die aanstelling van enige persoon beëindig wat nie sy/haar rolle en/of verantwoordelikhede met betrekking tot die vereiste nasienstandaard of as 'n aangestelde nasienamptenaar tydens enige van bogenoemde nasiensituasies nakom nie.
- 6.10 Alle aangestelde nasienamptenare moet op die eerste dag van die nasientydperk die antwoorde op die vrae in die vraestel wat hulle gaan nasien aan die hoofnasiener verskaf. Hulle moet ook die dokumente onderteken wat verifieer dat die voorgestelde nasienriglyn hul eie werk is. Die WKOD mag die aanstelling van 'n nasiener onttrek indien 'n nasiener by die nasiensentrum opdaag sonder die voorgestelde antwoorde vir die vraestel waarvoor hy/sy as nasiener aangestel is. Hierdie vereiste sluit nasieners uit wat Vraestel 3 van die Tale merk. Hierdie nasieners moet hulself egter vergewis van die onderwerpe in die betrokke eksamenvraestel.
- 6.11 Dit is belangrik om daarop te let dat die Hoof van Onderwys die reg het om die aanstellingskriteria vir ad hoc-aanstellings wat eksamenverwante pligte behels, asook die aanstellingskriteria vir nasieners, te wysig.